# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 577 Cape Town, Kaapstad, 22 July 2013 No. 36691


## THE PRESIDENCY

No. 525 22 July 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 8 of 2013: Criminal Procedure Amendment Act, 2013**

## DIE PRESIDENSIE

No. 525 22 Julie 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 8 van 2013: Strafproseswysigingswet, 2013**

9 771682 584003 36691

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 7 July 2013)*

# ACT

**To amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to further regulate applications for condonation, leave to appeal and further evidence; and to provide for matters connected therewith.**

**P**arliament of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Amendment of section 316 of Act 51 of 1977, as substituted by section 5 of Act 42 of 2003 and amended by section 16 of Act 66 of 2008 and section 99 of Act 75 of 2008**

**1.** Section 316 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (10) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* the record of the proceedings in the High Court in respect of which the application was refused, if—

(i) the accused was not legally represented at the trial; or

(ii) the accused is not legally represented for the purposes of the petition; or

(iii) the prospective appeal is not against sentence only; or

(iv) the judges considering the petition, in the interest of justice, request the record or only a portion of the record."; and

*(b)* by the deletion in subsection (12) of the word "or" at the end of paragraph *(a)*, the insertion in that subsection of the word "or" at the end of paragraph *(b)* and the addition to that subsection of the following paragraph:

"*(c)* call for a copy of the record or portion of the record of the proceedings if it was not submitted in terms of subsection (10)*(c)*.".

**Short title and commencement**

**2.** This Act is called the Criminal Procedure Amendment Act, 2013, and is deemed to have come into operation on 10 September 2010.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 7 Julie 2013)*

# WET

**Tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, ten einde aansoeke om kondonasie, verlof om te appelleer en verdere getuienis verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE Parlement van die Republiek van Suid-Afrika verorden, soos volg:—

**Wysiging van artikel 316 van Wet 51 van 1977, soos vervang deur artikel 5 van Wet 42 van 2003 en gewysig deur artikel 16 van Wet 66 van 2008 en artikel 99 van Wet 75 van 2008**

**1.** Artikel 316 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(c)* in subartikel (10) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* oorkonde van die verrigtinge in die Hoë Hof ten opsigte waarvan die aansoek geweier is, indien—

(i) die aangeklaagde nie tydens die verhoor regsverteenwoordiging gehad het nie; of

(ii) die aangeklaagde nie vir die doeleindes van die versoekskrif regsverteenwoordiging het nie; of

(iii) die voorgenome appèl nie teen die vonnis alleen is nie; of

(iv) die regters wat die versoekskrif oorweeg, in die belang van die gereg, die oorkonde of slegs 'n gedeelte van die oorkonde aanvra."; en

*(b)* deur die skrapping van die woord "of" aan die einde van paragraaf (*a*) in subartikel (12), die invoeging van die woord "of" aan die einde van paragraaf *(b)* en die byvoeging van die volgende paragraaf in daardie subartikel:

"*(c)* 'n afskrif van die oorkonde of gedeelte van die oorkonde van die verrigtinge aanvra indien dit nie ingevolge subartikel (10)*(c)* voorgelê is nie.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**2.** Hierdie Wet heet die Strafproseswysigingswet, 2013, en word geag op 10 September 2010 in werking te getree het.